LAERSKOOL JEFFREYSBAAI

BELEID: ALGEMENE VOORKOMS EN GEDRAG

Kleredrag - Skooluniform

Dogters: Somersdrag

Donkerblou skoolrok (moulose jurk) met skoolwapen op

Wit kortmouhemp (waarop skoolwapen is) met oop kraag.

Kort, wit sokkies en swart skoolskoene

Dogters: Wintersdrag

Donkerblou skoolrok (moulose jurk) met skoolwapen

Wit langmouhemp met kraag wat tot bo toegeknoop is OF Donkerblou skoolsweetpakbaadjie met die skoolwapen op. (Moet kan toerits)

Skooldas

Donkerblou langmou skooltrui met skoolwapen

Donkerblou lang kouse (“tights”)

Swart skoolskoene

Seuns: Somersdrag

Wit kortmouhemp met skoolwapen op.

Grys kortbroek

Grys skoolkouse met ligblou strepe waar dit onder die knie gevou word. (Kouse MOET opgetrek wees)

Donkerblou moulose oortrektrui met skoolwapen op.

Swart skoolskoene.

Seuns: Wintersdrag

Grys skoollangbroek

Wit langmouhemp (toegknoop tot bo) onder skoolsweetpakbaadjie of skooltrui (langmou) met skoolwapen op OF donkerblou moulose ootrektrui met skoolwapen op, oor wit kortmouhemp.

Skooldas

Swart skoolskoene

Algemene voorkoms tydens die dra van skooluniform

Dogters:

Haarbyeenkomste moet wit of donkerblou wees

Naels moet skoon en kort wees. Geen geverfde of gekleurde naels nie.

Slegs een paar klein goue “studs” of “sleepers” in oorbel.

Geen bandjies of toutjies om die gewrigte nie. Slegs “Medic Alert”- armbandjies word toegelaat.

’n Horlosie mag gedra word.

Leerders mag egter nie slimhorlosies “smart watches” dra of skool toe bring nie.

Geen gekleurde hare. Geen sonstrepe. Geen gel, mousse of vaseline mag gebruik word om hare te stilleer nie. Lang kuiwe moet met knippies vasgesteek word.

Indien haar-invlegsels gedra word, moet dit keurig en nie te lank of te veel wees nie. Invlegsels moet vasgemaak wees.

Seuns:

Geen gel, mousse of vaseline mag gebruik word om hare te stilleer nie.

Hare moet netjies en kort wees. Mag nie aan kraag of ore raak nie.

Geen lang kuiwe nie.

Hare mag nie patrone ingeskeer hê of in “steps” of geometriese style gesny wees nie. Geen “smart” cuts nie.

Seuns mag GEEN juweliersware dra nie.

’n Horlosie mag gedra word.

Leerders mag egter NIE slimhorlosies “smart watches” dra of skool toe bring nie.

Hare mag nie gekleur wees nie.

Geen bandjies of toutjies om die gewrigte nie.

Geen tatoeërmerke nie. Leerlinge mag ook nie op liggaamsdele skryf of teken nie

“Civvies”

Leerders mag op sekere dae en op hul verjaarsdae gewone klere (“civvies”) aantrek. Gewone klere moet netjies vertoon. Skoene of plakkies moet gedra word.

Geen uitspattige klere of klere wat die liggaam ontbloot mag gedra word nie.

Dogters: Broeke en kortbroekies mag nie te styf sit nie. Rokkies en rompe moet die lyf behoorlik bedek en mag nie te kort wees nie. Dogters se onderklere mag nie wys of uitsteek nie. Dogters se maag, rug en/of borste mag nie vertoon word nie.

- Geen geverfde naels, al is dit “civvies”
- Geen gekleurde hare. Geen sonstrepe. Geen gel, mousse of vaseline mag gebruik word om hare te stilleer nie. Lang kuiwe moet met knippies vasgesteek word.

- Indien haar-invlegsels gedra word, moet dit keurig en nie te lank of te veel wees nie. Invlegsels moet vasgemaak wees.
- Lang hare moet vasgemaak wees, al is dit “civvies”
- Slegs een paar klein goue “studs” of “sleepers” in die oorbel.
- Dogters mag ’n kettinkie of kraletjies om die nek dra op “Civvies”-dae.
- Geen bandjies of toutjies om die gewrigte nie.
- Leerders mag nie slimhorlosies “smart watches” dra of skool toe bring nie. Horlosie kan gedra word.
- Geen tatoeërmerke nie. Leerlinge mag ook nie op liggaamsdele skryf of teken nie.

Seuns: Hemde moet die bolyf bedek. Moulose hemde moet met sorg gekies word sodat die maag en ribbekas nie vertoon word nie.

- Seuns mag GEEN juweliersware dra nie.
- ’n Horlosie mag gedra word.
- Leerders mag egter nie slimhorlosies “smart watches” dra of skool toe bring nie.
- Geen bandjies of toutjies om die gewrigte nie.
- Geen tatoeërmerke nie. Leerlinge mag ook nie op liggaamsdele skryf of teken nie.

Gedrag

Leerlinge moet ten alle tye die skool se beeld en naam in ere hou. Ook wanneer leerlinge buite die skoolgronde is en veral wanneer hulle in die skool se uniform geklee is, moet gedrag onberispelik wees.

Geen kru taal of vloekwoorde nie.

Geen uitspattige of afskuwelike gedrag nie.

Eerlikheid, nederigheid, hoflikheid en hulpvaardigheid ten alle tye.

Leerders mag nie kougom kou terwyl hulle by die skool is nie. Dit geld ook vir wanneer leerders ander skole of openbare plekke op uitstappies, of vir sport/kultuur besoek.

Daar word verwag dat leerders respek sal toon teenoor mekaar, personeel, leerders en personeel van ander skole, ouers en volwassenes.

Leerders mag nie klaskamers, banke, stoele, boeke of enige ander skooleiendom beskadig of verinneweer nie. Leerders is verantwoordelik om hul klaskamers en die omgewing waarin hulle leer en onderrig ontvang, skoon en netjies te hou.

Klaskamer- en speelgrondreëls moet nagekom word.

Die skool sal nie gevalle van fisiese-, sielkundige- of kuberboelie duld nie. Indien leerlinge skuldig bevind word aan enige vorm van boeliegedrag sal dissiplinêre stappe gevolg word.